

Die Boekwurm

1

Vermate se elektroniese Nuusbrief

www.vermate.co.za 084 8455 393

Uitgawe 2 – November 2026

Oorkom die "grazing barrier"

Wilhelm Joubert BSc Hons (Mikrobiologie, Biochemie UP)

Baie gras maar min veld. Na die eerste reëns is ons in 'n tyd van die jaar waar daar baie gras is, maar die beeste net die smaaklike en sagter gras benut en die onsmaaklike- en droër gras in die weiding vermy. Oor die algemeen is mis slap en waterig en die beeste se raam word nie behoorlik vol nie weens swak inname van harder vesel. Selfs vir die gevorderde boer wat hoëdruk beweiding al bemeester het bly die inname van harder vesel 'n uitdaging. Daar is kos maar die manier hoe die diere dit benut is oneffektief en steeds is daar nie behoorlike vordering nie. Ons almal kry te doen met hierdie "grazing barrier" en ons vra onsself die vraag af - waar mis ons dit en wat kan ons doen om hierdie hindernis te oorkom.

Meeste boere se diere word bestuur op 'n wyse waar hul diere nie water kan drink wat in aanraking is met die grond nie. Ek gesels met 'n hoëdruk weidingboer naby Delmas wat 'n interessante waarneming met my deel. Sy beeste drink gewoonlik uit gronddamme wat deur 'n spruit gevoed word. As hy hulle in kampe sit waar hulle skoon water uit 'n krip moet drink dan lyk dit asof die beeste 'n elektriese skok kry wanneer hulle aan die water raak. Sy beeste breek gereeld uit hierdie kampe om terug te gaan en uit die gronddamme te gaan suip.

'n Groot vraag aan hoëdruk weidingsboere - Hoekom werk die hoëdruk weibeginsel vir die wildebeeste op die Masai Mara sonder enige "grazing barier", maar wanneer boere dit op hul plaas wil toepas dan loop ons ons vas. Al verskil is dat die wildebeeste water uit riviere en panne drink waar hulle die grondorganismes saam met die water inkry. Toegang tot natuurlike grondmikrobes lyk onbenullig en klein, maar solank as wat dit misgekyk word sal die "barrier" altyd met ons wees.

Wat wys die natuur vir ons uit hierdie situasie. Saam met al die komponente in 'n lek het die beeste sekere organismes uit die grond nodig om die optimale werking van die rumen te verseker. Van hierdie organismes sluit in anaerobies rumen fungi wat verandwoordelik is vir die abraak en vertering van sellulose en hemisellulose in grasvesel.

Vermate is 'n produk wat saamgestel word uit grondmikrobes en spoorelemente om hierdie gaping in die voedingsketting aan te spreek.

'n Verdere probleem wat deur die "grazing barier" geskep word is dat veld wat nie skoon gevreet word nie, se hergroei belemmer word. Die opbou van droë materiaal maak dat die weiding later "wollerig" raak en al opsie wat oorbly is om die ou materiaal te brand sodat nuwe groei kan plaasvind. Wat sou die implikasie wees as ons hierdie reuse bron van onbenutte voeding effektief kon benut en die veld toelaat om beter te herstel. Ons het presies hierdie uitdaging aangepak saam met Frikkie Weber op Senekal. Frikkie pas ultra hoëdruk beweiding toe vir die

afgelope agt jaar. Die opbou van harde vesel is sigbaar in sy weiding. Met die insluiting van Vermate in sy lek sedert Julie maand het ons ‘n drastiese verbetering van die inname van harde vesel in die weiding waargeneem. Die meegaande foto is op die 5e November geneem. Die blok op die regterkant is twee weke voor die foto afgewei en die aan die linkerkant vier dae voor die foto. Die verhouding waarin die beeste materiaal vreet, ‘n deel plattrap en ‘n deel los het drasties verbeter. Die regterkantste blok wys die hergroei nadat ‘n ligte reënbui geval het. Die herstel van die voerbank na beweiding en die kwaliteit van die materiaal waarmee Frikkie die winter ingaan is eenvoudig ongelooflik! Die grond onder die dik mat droëmateriaal wat die grond bedek is heerlik vogtig en sag. Die gras se energiereserwes wat in die wortelstelsel opgebou is oor agt jaar maak die herstel van die weiding moontlik binne twee weke na beweiding. Die gras is goed afgevreet en getrap maar nie so dat die groeipunte beskadig is nie. Dit dra ook by tot die vinnige herstel.



Wat is dan die verskil as diere vesel beter benut. Wel, veselinname bepaal alles! Dit bepaal diere se kondisie, groei en vrugbaarheid. Dit bepaal hoe vinnig jou voerbank herstel na beweiding. Dit bepaal die kwaliteit van die voerbank vir die diere met die volgende weisiklus. Dit bepaal ook hoe rustig jy gaan slaap as die volgende droogte sy kop uitsteek. Die geleentheid wat beter veselinname bied waaroor ek die mees opgewonde raak, is die feit dat boere wat wil oorskakel van konvensionele beweiding na hoëdruk beweiding dit nou baie makliker kan doen. **VeN**

Wilhelm Joubert het grootgeword as ‘n boer in die Hoedspruit omgewing waar sy pa met komersiële Afrikanerbeeste geboer het. Hy het as seun die beeste se gedrag in die veld intens dopgehou en ‘n leemte raakgesien tov die rol van mikrobes in diere se voeding. Met sy verdere studies as mikrobioloog het hierdie leemte al hoe duideliker geword en het hy die Vermate produk ontwikkel om hierdie behoefte aan te spreek. Vandag spreek die resultate vanself!